



## PRIMÈRE SKOOL UNIVERSITAS

### BELANGRIK

2018-02-28

Geagte ouers

#### BEHEERLIGGAAMVERKIESING: DONDERDAG, 8 MAART 2018 vanaf 7:30 tot 19:30

Met verwysing na die spesiale omsendskrywe wat saam met die nuusbrieff van 8 Februarie gesirkuleer is, asook ander beriggewing in die verband (sien weeklikse nuusbriewe) die volgende:

1. Die sluiting vir nominasie is Dinsdag, 6 Maart om 7:30.
2. Ooreenkomstig die SA Skolewet, moet ons ook voor die verkiesing 'n nominasievergadering hou, waartydens nominasies navore gebring mag word.
3. Hierdie vergadering vind op Donderdag, 8 Maart om 7:15 plaas, net voor die skool begin.
4. Indien ons geen verdere nominasies ontvang nie, sal die genomineerde kandidate die geleentheid kry om hulleself voor te stel, waarna die stemming sal begin.
5. Dit is belangrik om te weet dat, indien u iemand eers by die nominasievergadering wil voorstel, hy of sy teenwoordig moet wees, anders moet u 'n skriftelike toestemmingsbrief van die persoon as bewys hê.
6. Indien daar verdere nominasies van die vloer af kom, sal die persoon se naam by die stemlys gevoeg word.
7. U kan dus heeldag vanaf 7:30, tussen 13:00 & 14:00 en na werk tot 19:30 kom stem. Dit is juis so gereël om dit vir u so gerieflik moontlik te maak.

Ek stuur Dinsdag, nadat nominasies gesluit het, vir u 'n finale skrywe met die name van al die kandidate.

**BAIE BELANGRIK:** Volgens die wet moet daar 'n kworum van 15% (200 ouers in ons geval) van die stemgeregtigdes hulle stemme uitbring om dit wettig te maak. Ons wil regtig nie die proses herhaal nie, en dit is tog in u belang om verteenwoordiging in die skool se bestuur en wel en weë te hê.

*M. Coomans*

.....  
M Coomans  
Skoolhoof

---

Opname van ouers wat kom stem ten einde 'n kworum te behaal.  
(Voltooi en stuur Maandag, 5 Maart terug.)

Ek/ons onderneem om my te stem uit te bring

Naam en van ouer: 1..... 2. ....

Naam van oudste kind: ..... Gr .....

Kontaknommer: .....

- Wettige voogde mag ook stem.
- Gr R is amptelik deel van die grootskool en mag ook stem.